

## Feiteblad 2018

### BCom Bestuursrekeningkunde (NKR-vlak 7 ■ 370 krediete ■ SAQA ID 94806)

#### Akademia

Akademia is 'n hoëronderwysinstelling wat geakkrediteerde kwalifikasies in Afrikaans aanbied. Studente kan hoër sertifikate (1 jaar), 'n gevorderde diploma (1 jaar) en grade (3 jaar) in verskeie studierigtings by Akademia verwerf. Akademia gebruik nuwe tegnologie vir die optimale ondersteuning van ons studente. Akademia rus mense toe om meer mededingend in die arbeidsmark te wees.

#### Die program

Die BCom-graad in Bestuursrekeningkunde bemagtig die student om die beginsels van bestuursrekeningkunde te verstaan en om dié beginsels in die praktyk te verstaan. Dit rus studente toe met kennis en vaardighede in beginsels en praktyk van bestuursrekeningkunde, finansiële bestuur, finansiële rekeningkunde, bedryfsetiek en ondernemingsbestuur. Voltooiing van die program gee ook aan die student toegang tot verdere voltooiing van die CIMA-kwalifikasie.

#### Vir wie is hierdie program?

Ná voltooiing van die BCom-graad in Bestuursrekeningkunde sal die gekwalifiseerde student instaat wees om as 'n bestuursrekenmeester in die sakeomgewing te funksioneer. Studente sal die vaardighede hê om as bevoegde bestuurders te help om die land se ekonomie verder uit te bou as 'n bestuursrekenmeester van 'n maatskappy of eie sakeonderneming.

#### Toelatingsvereistes

'n Nasionale Seniorsertifikaat gesertifiseer deur Umalusi met:

- Minstens 40% in die onderrigtaal van Akademia
- Verpligtend: Wiskunde – 50% en Rekeningkunde – 50% (Graad 12-skoolvlak)
- Minstens 'n 4 (50-59%) in elk van vier erkende NSS 20-kredietvakke (waarvan ten minste een Engels of Afrikaans moet wees) uit die lys van aangewese hoërondewystoelatingsvakke behaal
- OF 'n Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) vlak 4 gesertifiseer deur Umalusi met: Ten minste 60% in 3 fundamentele vakke waarvan die onderrigtaal van die instansie een is EN ten minste 70% in die 3 verpligte beroepsgerigte vakke uit die lys van aangewese vakke
- OF 'n Hoër Sertifikaat in 'n ooreenstemmende studieveld
- OF 'n Gevorderde Sertifikaat in 'n ooreenstemmende studieveld
- OF 'n Diploma in 'n ooreenstemmende studieveld EN toepaslike skoolvakke

#### Vakke

##### Eerste jaar

- Bestuursrekeningkunde 1 (GMA105)
- Finansiële Rekeningkunde 1 (GFA105)
- Elementêre Kwantitatiewe Metodes (GQM105)
- Ekonomie 1 (GAE105)
- Etiek, Korporatiewe Bestuur en Sakereg (GEG105)
- Finansiële Bestuur (GFM105)

##### Tweede jaar

- Bestuursrekeningkunde 2 (GMA206)
- Finansiële Rekeningkunde 2 (GFA206)
- Ondernemingsbestuur 1 (GEP206)
- Belasting (GET206)
- Ouditkunde (GAD206)

##### Derde jaar

- Bestuursrekeningkunde 3 (GMA307)
- Finansiële Rekeningkunde 3 (GFA307)
- Ondernemingsbestuur 2 (GEP307)
- Finansiële Bestuur (GFM307)

#### Assessering

##### Formatiewe assessering

(Deurlopende assessering – 40% van finale punt)

- 2 werkopdragte per vak – die gemiddeld van die 2 werkopdragtpunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.
- 3 toetse per vak – die beste 2 toetspunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.

'n Minimum van 40% vir 'n jaarpunt moet behaal word vir eksamentoelating.

##### Summatiewe assessering

(Samevattende finale assessering – 60% van finale punt)

Daar word 'n finale eksamen per vak aan die einde van die jaar geskryf.

#### Kontaksessies (na-ure)

Kontaksessies en e-leer-tutoriale is verpligtend en dit word by studiesentrums aangebied soos in die Belangrike Datums-dokument vir 2018 vervat. Eerstejaarstudente moet 11 kontaksessies by die studiesentrums bywoon. Tweedejaarstudente moet 8 kontaksessies by die studiesentrum bywoon en moet ook 3 e-leer-tutoriale op die studentestelsel (die Spens) voltooi. Derdejaarstudente moet 6 kontaksessies by die studiesentrum bywoon en moet ook 5 e-leer-tutoriale op die studentestelsel (die Spens) voltooi. Die deelname hieraan word gemonitor en dit maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

#### Tydspan van program

Die program kan in 'n minimum van 3 jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is 7 jaar.

#### Kwalifikasie

Ná die suksesvolle voltooiing van die program ontvang studente 'n BCom-graad in Bestuursrekeningkunde wat tydens 'n formele gradeplegtigheid oorhandig sal word.

#### Kontakbesonderhede

Skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos na [navrae@akademia.ac.za](mailto:navrae@akademia.ac.za)

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoërondewysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005

Akademia is deel van die Solidariteit Beweging